# DIE ONTBINDING VAN SATAN EN GOG-EN-MAGOG SE OORLOG VAN MISLEIDING IN OPEN. 20

**VERBANDHOUDENDE SKRYWES**

- *BESINNING OOR DIE DUISEND JAAR*,
- *DIE EERSTE OPSTANDING EN TWEEDE DOOD VAN OPEN. 20*,

**OPENBARING 20 VERS 7 – 10**

> Open. 20:7 En wanneer die **duisend jaar voleindig** is, sal die Satan uit sy gevangenis ontbind word;
> Open. 20:8 en hy sal uitgaan om die nasies te verlei wat in die vier hoeke van die aarde is, die Gog en die Magog, om hulle te versamel vir die oorlog; en hulle getal is soos die sand van die see.
> Open. 20:9 En hulle het opgekom oor die breedte van die aarde en die laer van die afgesonderdes en die geliefde stad omsingel, en vuur het van Elohiem uit die hemel neergedaal en hulle verslind.
> Open. 20:10 En die duiwel wat hulle **verlei het**, is in die poel van vuur en swawel gewerp waar die dier en die valse profeet is; en hulle sal dag en nag gepynig word tot in alle ewigheid.

**INLEIDING**

Deur die loop van die boek van Openbaring kry Johannes afwisselend *tweeledige* uitbeeldings, nl. *dit wat op die aarde gebeur*, en dan *dit wat terselfdertyd in die hemel gebeur*.

Dis om die gelowiges van die 7 gemeentes te vertroos sodat hulle kon verstaan dat al gaan dit sleg op die aarde, JaHUaH is in beheer. Die gebeure in die hemel is telkens soos "*tussenspel hoofstukke*" in die verloop van die boek. Open. 20 is juis so 'n 'hemelse' hoofstuk. Om Openbaring 20 (wat nou net nà Open. 19 se Ruiter op die wit perd volg wat op die aarde afgespeel het) reg te kan verstaan is daar dan 'n sleutel.

Die Sleutel:

1. Openbaring 1 – 19 skets in *simboliese* en *apokaliptiese* taal die **tydperk** *tussen JaHUsha se eerste koms* en *laaste koms*.
2. Nou kom Open. 20 as 'n *Opsommende **Terugflits*** alles saamvat en word hierdie tydperk nou baie kortliks vanuit **die hemelse perspektief** verduidelik (sodat mense dit wat op aarde gebeur kan verstaan), terwyl dit laastens ook die *Finale Einde* van hierdie **aardse tydperk** uitlig.

Mens kan dit vergelyk met 'n video wat eers vining "teruggewen word" na die begin van die Nuwe Testamentiese bedeling, om dan weer vining "vorentoe gewen" te word na die heel laaste oomblik van die aardse geskiedenis.

So … nadat Johannes eerstens die breë oorsig van ons huidige bedeling gegee het (die vinnige terugwen), wipplank die visioen dan skerp na die toekoms en wel na die dieselfde EINDPUNT wat vorige visioene (bv. die seëls, trompette en skale) ook bereik het, nl. die Wederkoms en Oordeelsdag.

As hedendaagse lesers nie hierdie sleutel het nie probeer hulle om die *geestelike* simboliek in die hoofstuk te verklaar asof dit *fisiese* gebeure is.

Daar is dan 'n waarskuwing in Open. 20:7 - 9 wat soos 'n "Wagter op die Muur is" soos wat Esegiël eens op 'n tyd as Israel se Wagter aangestel was. Aanvanklik was dit in Eseg. 33 'n waarskuwing vir fisiese Israel aangaande 'n fisiese aanval wat daarna ten volle vervul is in 70 n.C., maar hier in Open. 20 is dit 'n waarskuwing vir die Nuwe Testamentiese kerk as die *Geestelike Israel,* want ons *Gog* is *geestelik*. *(Sien: DIE OLYFBOOM, GOG VAN DIE LAND MAGOG, bl. 17 - 25)*

> Eseg. 33:7 En jy, o mensekind, Ek het jou as wag oor die huis van Israel aangestel; en as jy 'n woord uit my mond hoor, moet jy hulle van my kant waarsku.

**DIE WAARSKUWING**

Johannes is nou die Wagter op die muur hier en hy waarsku dat Gog-en-Magog 'n eindtydse aanval gaan loods. Teen daardie tyd het die geskiedenis van *Gog van die land Magog* (die profesie van Eseg. 38 – 39 wat toe ten volle vervul is in 70 n.C.), al soos 'n tydlose en profetiese spreekwoord geword (*"Gog-en-Magog")* sodat dit nie hier verwys na enige spesifieke nasies nie, maar dien as 'n universele simbool vir enige mag wat teen die suiwer Lig van JaHUaH sou opstaan, want dis geskryf in die era van Romeinse vervolging, maar dieselfde geld vir ons era.

As deel van die opstand teen die suiwer Lig in ons era, is daar alreeds verkeerde uitlegging van die Skrif rakende die eindtyd en spesifiek dan ook oor Open. 20, want Gog-en-Magog (as die "gesig" van Satan) verlei aan die ***einde*** die nasies (vers 8), soos wat die Slang vir Adam en Eva in die ***begin*** verlei het.

Mense mag dit dalk nie dadelik snap nie, maar dis 'n feit dat 'n baie belangrike aspek van hierdie eindtydse verleiding, die *Scofield Reference Bible* se uitleg van Open. 20 is. Daarvolgens kry mens 'n *letterlike* maar ook 'n *misleidende* uitleg. Hierdie redelik moderne (± die laaste eeu) se dispensasionele siening is baie kortliks as volg:

- Messias kom terug vóór 'n "fisiese 1 000 jaar"
- Satan word dan *letterlik* deur 'n engel gegryp, gebind en in die "bodemlose put" (die afgrond) gewerp. Hy word daar toegesluit en verseël vir 'n volle 1 000 jaar,
- sodat hy die nasies nie kan verlei gedurende Messias "se ***letterlike*** *Duisendjarige Vrederyk op aarde*" nie.
- Met Satan wat uit die weg geruim is, glo Scofield-volgelinge dat hierdie *letterlike* 1 000 jaar 'n unieke tydperk van vrede, voorspoed en volmaakte geregtigheid sal wees onder die direkte, sigbare heerskappy van JaHUsha Messias vanaf die troon van Dawid in Jerusalem.

Die heel *eerste probleem* met hierdie siening is dat om dit so **letterlik te wil verklaar**, moes Scofield eers aan Daniël se tydlyn (in Dan. 9) gaan peuter het. En dis hoe mens dadelik kan weet dat sy hele siening foutief is, want mens lol nie met 'n tydlyn wat aaneenlopende geïnspireerde profesie i.v.m. JaHUsha as Messias is nie. Sy knip-en-plak modus operandi i.v.m. hierdie tydlyn veroorsaak dan 'n "onderstebo" misleiding (hy draai die geestelike doelbewus om na die fisiese*).* *(Sien die video: THE BOOK OF DANIEL: THE PROPHECY THAT GAVE THE EXACT YEAR OF THE MESSIAH)*

*Tweedens* is Openbaring 'n baie **simboliese boek** waarin *geestelike* persepsies uitgebeeld word met *simbole* (soos 'n tipe kode), soos wat dit bedoel was vir die eerste 7 gemeentes om te ontsyfer, omdat Rome hulle vervolg het.

Die Gevolg van 'n Letterlike Verklaring: As ons as die latere lesers van die boek van Openbaring **nie** raaksien dat die *geestelike* dinge van die Nuwe Testament i.v.m. JaHUsha (m.a.w. die dinge m.b.t. die Evangelie) met *simbole* verduidelik word nie, en so ook die Koninkryk van Duisternis se weerstand daarteen nie, sal hedendaagse lesers wil probeer uitmaak "*waar trek ons*" in die boek van Openbaring

en dan die nuusgebeure dophou ... sonder om die ***tydlose*** boodskap raak te sien vir *die Strydende Kerk in die algemeen.*

In die boek van Jesaja het die mense ook vir die Wagter gevra '*hoe ver is dit in die nag*', maar hy het hulle 'n eienaardige antwoord gegee.

> Jes. 21:11: "...Wagter, hoe ver is dit in die nag? Wagter, hoe ver in die nag?"

Die antwoord kom toe nie so letterlik as wat die verwagting was nie. Jesaja het gesê: *"die Môre kom, en ook die nag"*.

Dit moes ontsettend **frustrerend** gewees het vir die hoorders, maar dit is in die kol. Hy sê basies dat geskiedkundige gebeure *siklies* is. Daar sal tye van dag (= vrede) wees, wat weer vinnig deur nuwe nag (= verdrukking) opgevolg sal word.

So is die boek van Openbaring ook siklies. Dis eintlik *progressief* siklies soos wat mens byvoorbeeld met 'n spiraaltrap in 'n toring sal opklim wat uiteindelik bo uitkom, maar soos wat daar vensters is wat mens teëkom terwyl jy klim, sien mens telkens dieselfde landskap daar buite, hoewel dan en wan vanaf 'n ander hoek.

Die term daarvoor is: *Progressiewe Parallelisme* (ook genoem: rekapitulasie). Opgesom kan mens sê dat *Openbaring uit 'n reeks siklusse bestaan wat telkens dieselfde tydperk (die era tussen Messias se eerste koms en wederkoms) uit verskillende perspektiewe beskryf, soos wat 'n spiraal al nader aan 'n finale klimaks beweeg*.

Dit is so omdat die stryd tussen Lig en Duisternis afwisselend is, net soos wat die *môre* en die *nag* afwisselend is. Jesaja as die Wagter verskuif dus baie diplomaties die fokus weg vanaf die "horlosie"-mentaliteit na 'n ***Terugkeer** tot JaHUaH* toe.

Mense wat Openbaring as 'n letterlike, chronologiese tydlyn wil lees soos wat Dispensasie-ondersteuners dit doen, kan *obsessief* oor *uiterlike dinge* raak soos bv. mikroskyfies of oorloë. Maar Openbaring is nie geskryf as 'n tipe "kristalbal" nie. Dit is oorspronklik geskryf as geestelike literatuur om die vroeë Christene (wat baie swaargekry het onder Romeinse vervolging) te bemoedig. Die ware boodskap is dus nie "*hier is 'n datum*" nie, maar:

> *"Bly getrou aan die Lam en volhard in geloof, maak nie saak in watter donker nag jy jouself bevind nie."*

Dit is dan ook die boodskap van Open. 20 vir ons.

Ons weet dat die Koninkryk van Duisternis '*nag*' is, en die Koninkryk van die Lig '*dag*' is. Open. 20 se loslating van die duiwel en Gog-en-Magog se aanval sal *die donkerste tyd van die "nag"* wees (geestelik gesproke), net vòòr die Wederkoms, *wat die permanente Dag* is wat daarna sal aanbreek (Open. 21:23 – 26, Open. 22:5).

Vòòr die Wederkoms is die eintlike oorlog van "Duisternis" (wat vir ons geestelik noodlottig en dus gevaarlik kan wees) nie soseer die een met bomme en gewere nie, maar wel diè van MISLEIDING (vgl. Open. 20:10). Misleiding kom al sedert Genesis. *(Sien: COUNTERFEIT DECEPTION, MISLEIDING SEDERT GENESIS)*

Elohiem sê: "*moenie van die boom eet nie*" en die Slang sê: "*is dit so dat Elohiem gesê het*"? Adam en Eva het dalk gedink dit kan seker darem nie so erg wees om van die Verbode boom te eet nie, maar

dit het toe verreikende gevolge gehad. Ons moet ook nie die hedendaagse misleiding onderskat en dan "eet" wat ons nie mag "eet" nie.

'n Groot deel van die teenswoordige misleiding (wat nie geëet mag word nie) is dan juis die *omgedraaide verklaring* van Dan. 9:27 as die **laaste jaarweek** van die tydlyn van 490 jaar, omdat dit mens "*terug vat*" ... laat "*reverse*" .... na die fisiese en na die O.T. toe (dis Territoriale Terugwaartse Eskatalogie), asof die Nuwe Verbond *nie* ALREEDS volkome deur JaHUsha afgehandel en vervul is *nie*.

Dit is dus misleiding, groot misleiding, om die huidige Staat van Israel *as Skriftuurlik* te sien. Want om dit te kan doen moet mens die Skrif "breek" ... omdat jy op een plek 'n bietjie moet wegneem (van Dan. 9 se tydlyn), en op 'n ander plek moet jy 'n bietjie byvoeg (2 000+ jare in ons toekoms in). Ons mag nie byvoeg of wegneem nie (Open. 22:18 - 19). Dis misleiding. *(Sien: DANIËL 9 SE PROFETIESE SKAT, veral bl. 7 – 14, DIE EWIGE VERBOND SE SHAVUOT, DIE SEWENTIG WEKE VAN DANIËL 9, SKRIFTUURLIKE ISRAEL)*

Open. 20:10 En die duiwel wat hulle **verlei het** ...

Hoekom mens dan glad en geheel NIE 'n week van die aaneenlopende tydlyn kan afknip en op 'n ANDER PLEK INPLAK NIE, sal beter verstaan word as mens die getal 7 se gebruik in die geheel van die Woord mooi kan begryp *(sien: THE MYSTERIOUS PATTERN OF 7 IN SCRIPTURE )*.

Die tydlyn van Dan. 9:24 – 27 was 'n profesie wat die datum aangedui het van die **spesifieke jaarweek** (70e) waarin Messias JaHUsha se salwing, Sy bediening van twee en 'n half jaar en Sy kruisdood in die middel van hierdie *laaste* week sou plaasvind ... as bekragtiging van die Nuwe Verbond/Testament, met Sy bloed.

Simeon en Anna (in Lukas 2) was juis in afwagting vir hulle Messias omdat hulle die tydlyn reg kon interpreteer, so ook Johannes die Doper (vgl. Luk. 3:15, Joh. 1:33, Mark. 1:15) ... maar Scofield gee hierdie 70e jaarweek vir 'n fisiese "antichris"! *(Sien verder: DIE EWIGE VERBOND SE SHAVUOT).*

Maar hoe hou dit nou verband met die loslating van die Satan?

**DIE TYD VAN LOSLATING**

Die aanvang van die Nuwe Verbond of Nuwe Testament is inderwaarheid die begin van die simboliese duisend jaar. Wanneer sal dit dan voleindig wees en wanneer sal die Satan ontbind word (vers 7)?

Ons het reeds gesien dat die Duisend jaar nie letterlik is nie, maar wel simbolies is van die tydperk tussen JaHUsha Messias se Eerste koms en Wederkoms. Ons het ook reeds na die betekenis van die *duisendjarige* binding van "die ou duiwel en die Satan" gekyk (wat die Nuwe Testamentiese era van die verkondiging van die evangelie behels), maar ons het nog nie gekyk na dit wat gebeur wanneer hy weer losgelaat word nie (en dis nog toekomstig, hoewel die dekor al in 'n baie groot mate opgestel is soos alreeds hierbo uitgewys is).

Die tyd wanneer "die duisend jaar voleindig is" is wanneer die hele tydperk van die Nuwe Testamentiese evangelie-verkondiging verby is. Die tyd daarvoor het dan uitgeloop.



Die totale verlossingsplan nl. die evangelie of "verborgenheid", het dan sy klimaks bereik … en dit raak dan tyd om "die oes te kom afsny" wat dit opgelewer het. Dit word verduidelik in 'n ander "Tussenspel-hoofstuk", nl. Open. 10.

> Open. 10:5 En die engel wat ek op die see en op die land sien staan het, het sy hand na die hemel opgehef,
> Open. 10:6 en hy het gesweer by Hom wat tot in alle ewigheid lewe, wat die hemel geskape het en wat daarin is, en die aarde en wat daarin is, en die see en wat daarin is, dat **daar geen tyd meer sal wees nie**; *(ander vertalings sê: "daar sal geen uitstel meer wees nie")*
> Open. 10:7 maar in die dae van die stem van die sewende engel, wanneer hy met die basuin sal blaas, dan is die **verborgenheid** van Elohiem **volbring**, soos Hy die **blye tyding verkondig het** aan sy diensknegte, die profete**.**

**DIE LOSLATING VAN SATAN**

Wanneer Satan losgelaat is, sal Hy met alle mag op verskeie maniere wil verhinder dat die evangelie nog na die nasies kan gaan. Die tyd van *uitstel* sal dan finaal verby wees. Die Griekse woord vir 'tyd' hier, beteken letterlik dat daar geen "uitstel" meer sal wees nie. Watse uitstel?

JaHUaH het die laaste oordeel en die wederkoms teruggehou of uitgestel sodat die evangelie nog verkondig kon word. Dit is die *Tyd van genade* wat die simboliese duisend jaar tussen JaHUsha se eerste en tweede koms simboliseer.

> 2 Pet. 3:9 JaHUaH vertraag nie die belofte soos sommige dit vertraging ag nie, maar Hy is lankmoedig oor ons en **wil nie hê** dat **sommige moet vergaan nie**, maar dat almal tot bekering moet kom.

Maar dan sal daar geen uitstel of vertraging meer wees nie. Dis die tyd van die finale Oordeel en die Satan word vir 'n kortstondige tyd losgelaat wat *Gog-en-Magog* dan sal laat optrek om die nasies met oorgawe te verlei om weereens van die "verkeerde boom te eet". "Gog" is nie regtig 'n naam nie, maar wel 'n titel bv. in Num. 24:7, waar daar in Afrikaans "Agag" staan, maar in die Septuagint is dit as "Gog" vertaal.

> Num. 24:7 … His kingdom will be lifted up above **Gog**, and his kingdom will be increased. *(Septuagint)*

"Agag" (of dan "Gog") is 'n generiese term wat gebruik was vir die konings van Amalek wie Israel se grootste vyand was. *(Sien: GOG VAN DIE LAND MAGOG, bl. 17 – 18).* Maar nou is dit ook die titel vir ons as *geestelike* Israel se eindtydse *geestelike* Vyand wie Satan se "handpop" is.

Met hierdie loslating sal die misleiding wat nou reeds al 'n voet in die deur het, baie spoed optel. In die tyd waarin ons leef is daar alreeds valse "herders" en valse "wagters" op die mure. Hulle baan die weg vir daardie tyd (dalk onwetend omdat hulle ook mislei is). Die Verraaier is alreeds binne-in die Kamp van die Afgesonderdes soos wat Satan destyds in Eden was.

Misleiding se oogmerk is om die Kerk se oë van *die ware gevaar* af weg te neem. Foutiewe lering laat mense bv. sit en wag vir 'n politieke Antichris wat "nà 'n geheime wegraping" sal verskyn. Om op die verkeerde plek te fokus is om nie te sien wat gesien moet word nie.

Is daar dan 'n geheime wegraping? Is daar dan "twee wederkomste", een onsigbaar en een nie? Nee, daar is net een Wederkoms. *(Sien: JOHN NELSON DARBY EN DIE GEHEIME WEGRAPING*)

Daar is tog ‘n verskil tussen “*om te wag vir ‘n geheime wegraping wat soos ‘n ontvlugting is van slegte dinge wat gaan gebeur”*, en om te wag vir ‘n eenmalige Wederkoms waar elke oog Hom sal sien. Die “ontvlugtings-model” word bes moontlik gedryf deur *vrees* (om die slegte dinge te kan misloop), terwyl die “Wederkoms-model” ‘n *blye verwagting* is (om die Een na wie jy verlang, van aangesig tot aangesig te kan ontmoet). Laasgenoemde gee jou die krag om elke dag met integriteit te leef, wetende dat jou lewe deel is van ’n groter, kosmiese verhaal wat op ’n glorieryke hoogtepunt afstuur.

Wat dan van die Antichris? In die verlede is die Pous, Napoleon, Hitler, Gorbachev en nog baie andere al as die antichris aangesien. So is die antichris al oral gesoek in die Westerse lande, sowel as in Rusland en China. Om werklik te besin oor wat skriftuurlik is, moet mens wegkom van die soeke na ’n spesifieke mens wat ‘n soort "Booswig in die nuus is" en eerder waaksaam wees t.o.v. van **ideologiese misleiding** wat Messias JaHUsha se Verbondsverulling probeer kaap (die laaste jaarweek van die 490 jaar).

Die "Scofield-Antichris" maak mense bang vir iemand "daar buite". Maar die Bybelse waarskuwing wil mense versigtig maak om “binneshuise” *dwaling* raak te sien wat sal manifesteer asof dit saamvloei met die Evangelie, maar dan eintlik net die teenoorgestelde is.

**GOG EN MAGOG: ‘N VERDERFLIKE LEIERSKAP WAT MISLEI**

Die Woord praat van die elfde horing (Dan. 7:24 – 26) as ‘n simbool van *verderflike leierskap*. Dit sluit aan by Paulus se “Seun van die Verderf” en by Open. 20 se Gog-en-Magog waar die sluier bes moontlik heel aan die einde heeltemal gelig gaan word oor dit wat ons nou ewe gedienstig en dalk tot ons eie verderf glo. As die skaapvelletjie dàn opgelig word, sal die roofsugtige Wolf daaronder duidelik sigbaar wees (Matt. 7:15 en verder aan).

Dis soos ‘n herhaling van die gebeure in die *begin*, maar nou is diè misleiding aan die *einde* van Tyd. Waar die Slang in Eden die mens verlei het om te glo dat hulle soos Elohiem kan wees, eindig die geskiedenis met ‘n *Stelsel van misleiding* wat homself *voordoen* asof dit *vanaf Elohiem is* en dat diè stelsel gehoorsaam moet word, want *“hy sit in die tempel van Elohiem en gee voor dat hy Elohiem is”*.

Paulus het in min of meer 50/51 n.C. in 2 Thess. 2 geskryf oor afvalligheid en oor die Seun van die Verderf en hy noem hom ook die “Mens van sonde” wat eers moet kom vòòrdat die Wederkoms sal aanbreek (net soos met Gog in Open. 20).

> 2 Thess. 2:3 Laat niemand julle op enige manier mislei nie, WANT EERS MOET DIE **AFVAL** kom en die **mens van sonde** geopenbaar word, die **seun van die verderf**
> 2 Thess. 2:4 die **teëstander** wat hom verhef bo al wat Elohiem genoem word of voorwerp van aanbidding is, sodat hy <u>in die tempel van Elohiem</u> as Elohiem sal sit en **voorgee dat hy Elohiem is**.

Die elfde horing word met menslike eienskappe beskryf (Dan. 7:8, 11, Open. 13:5 – 7), want hy het oë en ‘n mond wat praat. Satan kry altyd ‘n *mondstuk* waardeur hy sy misleidende sienswyse (= die oë) kan kommunikeer. *(Sien ook: <u>DIE SEUN VAN DIE VERDERF IN ONS GELOOFSLEWE</u>, <u>DIE ELFDE HORING</u>)*

Toe Paulus hier oor die “Seun van die Verderf” geskryf het, het hy en sy gehoor dit waarskynlik profeties vergelyk met Daniël se profesie (Dan. 11:31, 36) en die geskiedkundige Antiochus Epiphanes wie homself as ‘God’ gesien het en die tempel verontreining het en sodoende ‘n geskiedkundig-profetiese voorbeeld geword het as ‘n **tipe van** die Elfde horing (Dan. 7:17). *(Vir hierdie geskiedenis, sien weer: <u>TYD, TYE EN ‘N HALWE TYD</u>).*

Antiochus Epiphanes het wel destyds die tempel verontreinig, maar … Paulus verduidelik dat dieselfde nou in die *geestelike tempel* van gelowiges gebeur (1 Kor. 3:16, Ef. 2:21). Die Man van sonde, die Wettelose, wil die sentrale sitplek in die gelowige se hart hê om JaHUsha se Bloedverbond daar *"met die Bybel onder die arm"* ongemerk te neutraliseer.

**'N VOLTOOIDE KRINGLOOP**

Judaïsme se leringe in Paulus se tyd en hulle verloëning van JaHUsha, was 'n groot probleem in die eerste eeu. Dit is dan interessant dat JaHUsha van *Judas* gepraat het as die "Seun van die Verderf" (Joh. 17:12, 1 Joh. 4:3). Judas het Judaïsme verteenwoordig. Die Seun van die Verderf se rol is dan dat hy JaHUsha **as die Lam** en as die **Gesalfde** van Elohiem *verloën* en *verraai*. Dit is direk die Anti-Messias (Joh. 1:7) TEENOOR Messias JaHUsha. "Anti" beteken "*in die plek van*" of "*in opposisie tot*".

Johannes het vir ons gesê wie die "antichriste" is en dat daar baie is, nl. diè wat **ontken** dat JaHUsha die Messias is (1 Joh. 2:18 – 23, 1 Joh. 4:3, 2 Joh. 1:7). Nou is daar 'n *tipologiese* patroon vanaf Agitofel, na Judas wat dan lei na die *antichristelike* Judaïsme beide in die *eerste eeu* en ook *in ons* tyd. *(Sien: HEBREW ROOTS, NET WEER CHRISTENE IN DIE ORDE VAN MELGISEDEK)*.

**AGITOFEL, JUDAS EN SIONISME**

Judas het gemaak asof hy JaHUsha as die Gesalfde erken, maar hy was **vals**. Sy eintlike doel was om Hom te verraai. Van Judas het JaHUsha dan tydens die Nuwe Verbondsmaal die volgende gesê...

> Joh. 13:18 Ek spreek nie van julle almal nie—Ek weet wie Ek uitverkies het—maar dat die Skrif vervul kan word: **Hy wat saam met My brood eet, het sy hakskeen teen My opgelig**.

Dis dan presies wat Dawid van *Agitofel* gesê het, toe Agitofel wat eens Dawid se raadgewer was na Absolom toe oorgeloop het. Hy het Dawid as die *gesalfde/koning* van JaHUaH verraai, maar hom voorgedoen as 'n vriend (saam brood geëet). In Psalm 41:10 het Dawid dan presies dìt geskryf wat JaHUsha i.v.m. Judas aangehaal het in Joh. 13:18. Van Judas het JaHUsha verder ook nog die volgende gesê ...

> Joh. 17:12 ... Oor die wat U My gegee het, het Ek gewaak; en nie een van hulle het verlore gegaan nie, **behalwe die seun van die verderf**, sodat die Skrif **vervul sou word** *(Ps. 69:26, Ps. 109:8, Sag. 11:12 – 13)*.

Hy noem **Judas** (wat JaHUsha nie as Messias erken het nie maar Hom verraai het) die ***Seun van die verderf***. Wie is dan nou die antichristelike mag in ons tyd vir wie hierdie skoen pas? Wie "*eet hedendaags brood saam met JaHUsha*", maar verraai Hom van 'n anderkant af?

**CHRISTEN-SIONISME**

Soos in die dissipels se tyd het die wiel van tyd 'n hele omwenteling gemaak en pas dieselfde skoen van "*anti-christelikheid*" en *"verraaiing"* weereens die Judaïstiese Sionisme van ons tyd (as die elfde horing se mondstuk en oë/sienswyse), net soos in die eerste eeu. Ons het vandag iets soos "*Christen-Sionisme", maar* Bybels is Christenskap en Sionisme nie versoenbaar nie. Die ding is, in die Staat van Israel is daar nie plek vir JaHUsha nie. Israel is 'n staat met 'n geloof wat anti-JaHUsha as Messaias is. Judaïsme sê hulle wag nog vir hulle messias. Maar christelike kerke ondersteun die Staat van Israel ("eet saam brood").

Die Jode het destyds uitgeroep: "*Kruisig Hom, kruisig Hom, laat Sy bloed op ons en op ons kinders kom*" (Matt. 27:20 – 23, 25). Sy eie mense het JaHUsha toe **nie aanvaar nie** (Joh. 1:11, 2 Joh. 1:7 - 10) wat

beteken dat dit **toe alreeds vir eens en vir altyd verby was** met 'n **fisiese** koninkryk en 'n **fisiese** Israel. Om dan vandag weer daarmee saam te wil vloei is om weereens TEEN JaHUsha te wees soos in die eerste eeu, asof Hy nie die waarheid gepraat het nie en asof dit wat Hy gekom het om te doen, niks beteken het nie. *(Sien ook: TWO KINGDOMS, veral p. 3 – 7, THE EARTHLY ESCATOLOGICAL VIEW VERSUS THE HEAVENLY, THE DESTRUCTION OF JERUSALEM en THE SEIGE OF JERUSALEM 70 AD).*

> Matt. 23:37 Jerusalem, Jerusalem, jy wat die profete doodmaak en stenig dié wat na jou gestuur is, hoe dikwels wou Ek jou kinders bymekaarmaak net soos 'n hen haar kuikens onder die vlerke bymekaarmaak, en julle wou nie!
> Matt. 23:38 Kyk, **julle HUIS word vir julle woes gelaat**!
>
> Matt. 21:43 Daarom sê Ek vir julle: Die **KONINKRYK** van Elohiem sal van julle **weggeneem** en aan 'n **volk gegee word** wat die **vrugte daarvan sal dra.**

Die koninkryk is toe uiteindelik finaal van hulle weggeneem in 70 n.C. (soos geprofeteer in Dan. 9:27). Dit was die afsluiting van die Ou Testamentiese fisiese era in die eerste eeu. Maar nou is dieselfde vlieg (Judaïsme/Sionisme) mos weer in die salf. As 'n geestelike *Gog-en-Magog* is dit die finale eindtydse, polities-godsdienstige en ideologiese misleiding, om ook ons era mee af te sluit. Maar misleide Gelowiges is blind daarvoor, blind en doof. Dis soos 'n "siekte" wat al van ver af kom (Deut. 29:4, Eseg. 12:2, Jes. 6:9 – 10, Matt. 13:13 – 16, Open. 2:7, 11, 17).

> Matt. 13:14 En aan hulle word die profesie van Jesaja vervul wat sê: Met die gehoor sal julle hoor en **glad nie verstaan nie**, en julle sal kyk en kyk, en **glad nie sien nie**.

Hoe het hierdie hedendaagse opstelling dan ontstaan?

**DIE HEDENDAAGSE OPSTELLING**

Hedendaagse Sionisme wat in christelike kerke homself kom tuismaak het (saam kom "brood eet het"), is dan die *Judas* van ons tyd wat "met die Bybel onder die arm" hierdie *doofheid* en *blindheid* bewerk het. Dit het deur Darby en Scofield (wie 'n eskatalogiese verklarende Bybel ontwerp het) ontstaan.

> Scofield (1843 – 1921) se eskatalogiese uitleg van die profesieë (The Scofield Reference Bible) het baie mooi ingepas het by die plan van Sionisme. Vòòr daardie tyd was die profetiese laaste week (70e) nooit afgesny van die 69 weke nie, maar omdat dit toe sedertien merendeel so gedoen word, het Israel as 'n Staat *aanvaarbaar* geword vir die christelike wêreld. *(Sien: C. I. SCOFIELD)*
>
> Scofield het die **Nuwe Testamentiese Kerk** wat na regte die teenswoordige 'Israel' is (die Geestelike) en **Fisiese Israel** geskei van mekaar (plek vir albei gemaak) en so is die dogma van "Dispensasionalisme" bekend gemaak (maar dis "anti" die Nuwe Testament).
>
> Vòòr Scofield het die meerderheid van die Protestantse wêreld 'n *Verbondsteologie* wat ook bekend is as *"Amillennianisme",* gehandhaaf waar die Kerk gesien word as *die geestelike voortsetting* van die eens Fisiese Israel. *(Sien: SKRIFTUURLIKE ISRAEL, DIE OLYFBOOM)*
>
> Scofield het egter die leerstellings van John Nelson Darby (die stigter van die Plymouth Brethren) geneem en dit verfyn in wat vandag as *Dispensasionalisme* bekend staan. Sy kerngedagte was *radikaal* vir sy tyd, nl. dat *"God twee afsonderlike volke met twee afsonderlike planne het" ...* een vir *die Kerk* en een vir *fisiese Israel* (weereens: dit weerspreek die hele N.T.). *(Sien: JOHN NELSON DARBY EN DIE GEHEIME WEGRAPING)*

Daar word beweer dat die Joodse Sionistiese prokureur Samuel Untermyer vir Scofield befonds het. Ook was Arno C. Gaebelein een van Scofield se raadgewende redakteurs en 'n passievolle voorstander van Joodse evangelisasie (dit is wel 'n goeie ding), maar toe ontaard dit na die strewe vir 'n herstel van 'n Joodse staat (hiermee is daar wel 'n probleem wat ons N.T./ *Nuwe Verbond* betref). Gaebelein se tydskrif, *Our Hope*, het vroeë Sionistiese kongresse met groot opgewondenheid dopgehou as "profetiese tekens". Verder is Scofield gefinansier deur ryk Amerikaanse sakemanne en Sy *Reference Bible* is deur die gesogte *Oxford University Press* gepubliseer. Hierdie legitimiteit het gemaak dat sy pro-Sionistiese teologie wyd versprei is onder invloedryke leierskap. *(Sien: JOHN NELSON DARBY EN DIE GEHEIME WEGRAPING)*

Die hersiene uitgawe van die *Scofield Reference Bible* is in **1917** gepubliseer wat toe baie bekendheid verwerf het — dis presies dieselfde jaar as die Balfour-deklarasie, waar die Britse regering hulle amptelike steun vir 'n Joodse tuisland in Palestina toegesê het. Hierdie twee gebeure het mekaar natuurlik perfek aangevul. Politieke Sioniste (soos Theodor Herzl en Chaim Weizmann) het diplomatieke steun gesoek vir 'n tuisland. Gelyktydig het *Scofield se Bybel* miljoene Amerikaanse en Britse Christene oortuig dat om hierdie politieke beweging te ondersteun, dieselfde is as om *"aan God se wil gehoorsaam te wees"(dis opperste misleiding)*.

Die Resultaat was dat Scofield die politieke Sioniste voorsien het van hul kragtigste bondgenoot: nl. '*Christen-Sionisme*'. Sonder die *teologiese voorbereiding* wat Scofield in die Westerse kerk gedoen het, is dit hoogs onwaarskynlik dat Westerse regerings dieselfde vlak van populêre en politieke steun sou geniet het om die fisiese staat van Israel in 1948 amptelik te erken en te bewapen.

Deur hierdie verwronge teologie van hom het Scofield toe so die idee laat posvat dat Bybelse profesieë *slegs* vervul kan word as daar 'n fisiese, herstelde staat van Israel in Palestina bestaan, maar dit is verseker nie vervulde profesie soos beweer word nie, daarom is dit 'n radikale misleiding. Die fisiese grondgebied-profesie aan Abraham is reeds al volledig in die Ou Testamentiese tyd vervul ... en die betekenis van "ewig" in die Hebreeus (en Grieks) het *direk betrekking op* 'n spesifieke era wat eers *buite sig* was, maar toe bereik is. *(Sien: IS GEN. 15 SE GRONDGEBIED VIR EWIG, VERSKILLENDE ERAS)*

Abraham het 'n openbaring ontvang dat daar deur JaHUsha vir hom 'n nageslag sal wees vanuit alle nasies. Abraham het 'n fisiese nageslag gehad (sand van die see) en 'n geestelike nageslag (sterre van die hemel), vgl. Gal. 3. Daar was dus al van die begin af plek gemaak vir die Nuwe Testamentiese Israel wat fisiese Israel sou opvolg DEUR JaHUsha as die fisiese SAAD van Abraham. JaHUsha self was die "Oorgangspunt". Hy is die fondasie vir Geestelike Israel, Hy is m.a.w. *Israel* (Gen. 22:15 – 18).

Gal. 3:15 Broeders, ek spreek menslikerwys: selfs 'n mens se testament wat bekragtig is, maak niemand tot niet of voeg daaraan toe nie.
Gal. 3:16 Nou is aan Abraham **die beloftes toegesê** en aan sy SAAD. Hy sê nie: En aan die sade, asof dit op baie sien nie, maar op Een: En aan jou saad, dit is Messias.

Gal. 3:24 Die wet was dus ons tugmeester na Messias toe, SODAT ons geregverdig kan word uit die geloof.
Gal. 3:25 Maar nou dat die geloof gekom het, is ons nie meer onder 'n tugmeester nie.
Gal. 3:26 Want julle is almal kinders van Elohiem deur **die geloof in Messias JaHUsha**;
Gal. 3:27 want julle almal wat in Messias gedoop is, het julle met Messias beklee.
Gal. 3:28 Daar is nie meer Jood of Griek nie, daar is nie meer slaaf of vryman nie, daar is nie meer man en vrou nie; want julle is almal EEN in Messias JaHUsha.
Gal. 3:29 En AS julle aan Messias behoort, DAN is julle die nageslag van Abraham en **volgens die belofte erfgename**.

Aan die einde van **Gal. 6** verwys Paulus na die gelowiges in JaHUsha (wat Jode en heidene ingesluit het) as die "Israel van Elohiem". Die Kerk (as Gelowiges in JaHUsha Messias ) vervang dus nie bloot vir Israel nie, die Kerk ***is*** Israel, die geestelike Israel, as die *ononderbroke* volk van Elohiem deur die eeue *wat nou uitgebrei is* om alle nasies in te sluit omdat JaHUsha na regte "Israel" is en dan is elkeen wat in Hom glo, ook Israel. *(Sien: DIE OLYFBOOM, UIT EGIPTE HET EK MY SEUN GEROEP)*

Maar in die eerste eeu het die Jode oral waar die evangelie verkondig is, die apostels vervolg of gesorg dat hulle deur die owerheid vervolg word. Hulle het Paulus meer as al die ander gehaat en beweer dat hy die stigter is van die Christendom.

Wat was, wil weer wees. Judaïsme sal weens hulle wette die Christene weer vervolg as hulle *Beheer* kan kry. Die wiel het gedraai tot op dieselfde punt. Hedendaagse Judaïsme, of liewer die Sionisme van ons dag, het bepaalde planne t.o.v. wêreldheerskappy. Hoe ver gaan JaHUaH hulle planne toelaat? Op watter stadium gaan JaHUsha se wederkoms hierdie Gog stuit? Tyd sal leer, maar toegelate misleiding is 'n Sif. *(Sien: A TALMUDIC PLAN, GOG VAN DIE LAND MAGOG, bl. 17 - 25)*

**DIE SIF VAN TOEGELATE MISLEIDING**

Ons het gesien dat die Seun van die Verderf as die Teëstander van Elohiem vòòr die Wederkoms moet verskyn (as deel van die loslating van Satan), daarom moet ons oplet hoe die wêreld alreeds tot dusver opgestel is en daarom het die vestiging van die Sionistiese Staat van Israel in ons tyd begin lyk soos 'n *Gog*.

> 2 Thess. 2:1 Maar ons vra julle, broeders, met die oog op die wederkoms van ons Meester JaHUsha Messias en ons vereniging met Hom,
> 2 Thess. 2:2 om nie gou julle verstand te verloor of verskrik te word nie—deur gees of deur woord of deur brief wat van ons afkomstig sou wees—asof die dag van Messias al daar is.
> 2 Thess. 2:3 Laat niemand julle op enige manier mislei nie, want EERS moet die **afval** kom en **die mens van sonde** geopenbaar word, die **seun van die verderf**
> 2 Thess. 2:4 die **teëstander** wat hom verhef **bo** al wat **Elohiem genoem word** of **voorwerp van aanbidding** is, sodat hy **in die tempel van Elohiem** as Elohiem sal sit en **voorgee** dat hy Elohiem is.

Vir ons is hierdie situasie met Israel en Christen-Sionisme dan 'n toets of 'n sif ... dit is eintlik die FINALE TOETS net voordat ons die geestelike Beloofde Land moet betree.

Bileam en Balak het fisiese Israel ook voor so 'n toets te staan gebring net voordat hulle die fisiese Beloofde Land wou ingaan daar by Peor (Num. 25). Israel was verlei om kompromie te maak met 'n ander nasie se kultuur van afgodery. So sê Judas 1:11 ook en die gemeente van Pergamus is juis daaroor berispe.

> Open. 2:14 Maar Ek het enkele dinge teen jou: dat jy daar mense het wat vashou aan die leer van Bíleam wat Balak geleer het om 'n **struikelblok** voor die kinders van Israel **te werp**, naamlik om **afgodsoffers te eet en te hoereer**.

Die Vyand van JaHUsha het ook in ons kamp ingekom via *Christen-Sionisme*, sodat ons ook kompromie kan maak (hy wil ons laat "eet" wat ons "nie mag eet nie"). Soos die Bereane moet ons nie blinde vertroue hê in alle predikers nie. Die Bereane het Paulus nie sommer vertrou nie, maar het dit wat hy gesê het teen die geskrewe Woord gemeet (Hand. 17:11). Gelowiges kan nooit hulle geestelike onderskeidingsvermoë uitkontrakteer aan 'n leier, 'n denominasie of 'n teologiese stelsel nie. Die

soeke na Waarheid is ‘n persoonlike en daaglikse roeping vir elke Gelowige. Open. 18:4 sê ons moet “uitkom” uit die wêreldwye misleiding (Babilon), want dit het ‘n gevolg.

> Open. 18:4 … **Gaan uit haar uit**, my volk, sodat julle nie gemeenskap met haar sondes mag hê en van haar plae ontvang nie.

Wanneer mens die Woord noukeurig in konteks bestudeer, leer mens Elohiem se stem (die klank van waarheid) so goed ken, dat mens die “vals deuntjies” van Gog-en-Magog dadelik as wanklanke sal eien. Dink aan die Fluitspeler van Hamelin. Om in Nuwe Testamentiese tye die Ou Testamentiese Israel weer te wil laat herleef, is ‘n “valse deuntjie”. *(Sien: SCOFIELD SE SIENING VAN GOG EN MAGOG)*

**DIE VERHOOG IS REEDS OPGESTEL**

Dit is dan hoe Satan nou alreeds alles in plek skuif sodat wanneer hy kortstondig losgelaat word hy dan hierdie wêreldwye misleiding as die moderne *Gog-en-Magog* gaan gebruik om “*die laer van die afgesonderdes*” as “*die Geliefde stad*”, mee te omsingel. Die *Geliefde stad* is nie fisiese Jerusalem nie, want diè is “Sodom en Egipte” (Open. 11:8), maar dis wel die *Nuwe Jerusalem*. En wie is dit? Dit is elkeen wat JaHUsha as die Messias bely (Heb. 12:22 – 23, Ef. 2:19 – 22, Gal, 4:26, Open. 21:2, 9 – 10).

So wil Gog Nuwe Testamentiese Gelowiges dan neutraliseer en vernietig, soos wat hy die ou Jerusalem heeltemal omsingel het deur Rome se legioene vanuit verskillende nasies in 70 n.C. en Jerusalem toe heeltemal verbrand is. Maar hierdie keer gaan JaHUaH nie die Vyand sy vrye loop enduit gee soos in 70 n.C. nie, maar gaan Satan na sy kortstondige loslating gegryp en self in die Vuur gegooi word. Die Geliefde stad/Nuwe Jerusalem gaan dan nie brand soos ou Jerusalem gebrand het nie, maar Satan gaan brand. Die uitkoms van Gog-en-Magog se aanval gaan dan omgekeerd wees van diè van 70 n.C. *(Sien: VERSKILLENDE ERAS)*

Maar Luister: As mens jou N.T. nie lees as *‘n ‘Geestelik Israel alleenlik’* nie, **verwerp** en **verloën** mens (soos ‘n Judas) indirek dit wat JaHUsha kom doen het, asof dit net *tydelik* was en wat sal mens se uiteinde dan wees?

Let dan op … JaHUsha **IS** Geestelike Israel. Hy is die kop, en ons is Sy Liggaam. Jakob was ‘n mens *met ‘n kop en ‘n liggaam*, toe word hy *Israel* en dit was tiperend van JaHUsha as *die Seun van die mens*, deur wie ‘n geestelike Israel sou ontstaan. *(Sien: UIT EGIPTE HET EK MY SEUN GEROEP, WAAROM GEEN FISIESE ISRAEL RESTORASIE NIE, ISRAEL EN DIE WAT OORWIN, SEUN VAN DIE MENS)*

Intussen het ons ‘n belangrike opdrag om op te fokus sodat daar lig kan wees in die donkerte van misleiding, net soos wat Timotheus ook aangesê was om te doen.

> 2 Tim. 4:1 Ek besweer jou dan voor Elohiem en die Meester JaHUsha Messias, wat die lewende en die dode sal oordeel by sy verskyning en sy koninkryk:
> 2 Tim. 4:2 **verkondig die woord**; hou aan **tydig en ontydig**; weerlê, bestraf, vermaan in alle lankmoedigheid en lering;
> 2 Tim. 4:3 want daar sal ‘n tyd wees wanneer hulle die gesonde leer nie sal verdra nie, maar, omdat hulle in **hul gehoor gestreel wil wees**, vir hulle ‘n **menigte leraars** sal versamel volgens hulle **eie begeerlikhede**,
> 2 Tim. 4:4 en die oor sal afkeer van die waarheid en hulle sal wend tot fabels.
> 2 Tim. 4:5 Maar **wees jy in alles nugter**; ly verdrukking; **doen die werk van ‘n EVANGELIS**; vervul jou bediening.

“Maar is die Gog-en-Magog van Open.20 dan nie i.v.m. ‘n oorlog nie?” … mag iemand dalk wonder.

**OORLOË**

In die Ou Testamentiese opset was *Gog van die land Magog* wel oor 'n fisiese oorlog wat nou 'n ***tipe** en 'n **skaduwee*** is vir ons Nuwe Testamentiese "*verstaan*" van die ***geestelike*** van Open. 20:8 - 9. Want … albei is **die einde van 'n era** (die een era was fisies en die andereen is geestelik) en albei is i.v.m. **die heiligdom** (die een was fisies en die andereen is geestelik). *(Sien: GOG VAN DIE LAND MAGOG, p. 8 - 17)*

Die beginsel is as volg: Wanneer 'n gruwel van misleiding in die heiligdom inkom (hetsy in die fisiese tempel of in die geestelike tempel), bedroef dit die Gees van Elohiem en dan onttrek Hy. Dit laat die huis dan "woes", m.a.w. *leeg van JaHUaH se teenwoordigheid* … en oop vir die namaaksel, want Satan wil homself gelyk stel aan die Allerhoogste (Jes. 14:14) soos wat hy **alreeds** (ewe 'anti-cristelik') "in die ***geestelike*** tempel sit" (2 Thess. 2:4) om die Allerhoogste te opponeer (maar mense wag nog houtgerus vir 'n fisiese tempel waarin dit moet gebeur).

Onthou … 'n Oorlog met bomme en gewere kan mens dalk fisies doodmaak, maar dit kan nie jou *ewige lewe* "doodmaak" nie. Maar … Misleiding kan jou wel van die Ewige lewe beroof. Moet dus nie *weer* van die moderne Verbode Boom eet soos Adam en Eva nie, al lyk dit so "onskuldig". Satan kom met die "Bybel onder die arm", want hy is 'n "wolf in skaapsklere". In hierdie dokument is die "*skaapvel"* net 'n klein bietjie opgelig sodat mense kan sien wie daaronder skuil.

Gaan daar oorloë en vervolging wees? Waarskynlik, want daar is en was nog altyd oorloë, verdrukking en vervolging … maar dis nie juis dit wat die *geestelike* lens hier in Open. 20 op fokus nie, want dit fokus mos op die geestelike. *(Sien ook: TYD, TYE EN 'N HALWE TYD)*

Die *beweging* van die Bybel is altyd vanaf die *fisiese/aardse* **NA** die *geestelike/ewige*.

**DIE UITEINDE VAN DIE VERDERWERS VAN DIE EVANGELIE**

"Seun van die verderf" beteken letterlik: *"iemand wat bestem is vir vernietiging of ondergang".*

Die uiteinde van die 2 tipes van die "Seun van die Verderf" (Agitofel en Judas) het vir beide op die dieselfde tipe dood uitgeloop. Beide het hulleself opgehang. Deur die misleidende eskatalogiese skrifuitleg van Scofield vir Open. 20 na te volg en dit te verkondig, kan mens "jouself ook uiteindelik ophang". Timotheus moedig ons aan om nie mislei te word nie, maar dat ons "wys" moet wees deur die Skrif te ken.

> 2 Tim. 3:12 En almal wat ook godvrugtig wil lewe in Messias JaHUsha, sal vervolg word.
> 2 Tim. 3:13 Maar goddelose mense en bedrieërs sal voortgaan van kwaad tot erger, **hulle wat verlei** en **verlei word**.
> 2 Tim. 3:14 Maar **bly jy in wat jy geleer het** en waarvan jy **verseker is**, omdat jy weet **van wie** jy dit geleer het,
> 2 Tim. 3:15 en dat jy van kleins af die afgesonderde **Skrifte ken** wat **jou wys kan maak** tot saligheid deur die **geloof in Messias JaHUsha**.
> 2 Tim. 3:16 Die **hele Skrif** is deur Elohiem ingegee en is nuttig tot lering, tot weerlegging, tot teregwysing, tot onderwysing in die geregtigheid,
> 2 Tim. 3:17 sodat die mens van Elohiem volkome kan wees, vir elke goeie werk **volkome toegerus**.

**DIE HERHALENDE PATROON VAN MISLEIDING**

Satan se misleiding in Eden *(die begin)* balanseer dus uit met Gog se misleiding aan die *einde van tyd*. In die begin het die eerste Adam gefaal deur te "val" vir misleiding. Dit was soos "kosmiese hoogverraad" wat katastrofies was vir die hele skepping (Rom. 8).

Hierdie keer sal Satan se kapingspoging nie enduit so mooi uitwerk nie, want hy het nie meer te doen met die eerste Adam nie, maar met die Laaste Adam. Satan sal dus uiteindelik finaal misluk in sy herhaalde kapingspoging, weens die **voltooide werk** van die Laaste Adam (maar hy wil mense met hom saamsleep die verdoemenis in).

***Vanaf*** 'n Slang in Eden het Satan nou gevorder ***na*** 'n globale eindtydse Gog-en-Magog binne-in ons geestelike tempel. Dis letterlik Satan teen JaHUsha (= Antichris teen Christus). Satan versamel die nasies om die "laer van die afgesonderdes" as die Geliefde Stad te omsingel (te mislei) om te probeer keer dat hulle nie die Paradys weer kan ingaan nie (waaruit die Mens aanvanklik verban was nadat hulle in die begin deur die Slang mislei was).

Vir "die wat egter oorwin" oor hierdie misleiding, sal die Boom van die lewe in die Paradys weer tot beskikking wees (Open. 21 – 22). *(Sien: ISRAEL EN DIE WAT OORWIN)*

**SLOT**

Daar is dan implikasies verbonde aan 'n Onnatuurlike terugkeer na 'n fisiese Israel wat uiteindelik 'n fisiese wet-stelsel sal wil afdwing *(wat veronderstel is om ons na die Eindtyd te vergesel … soos bv. die moderne Hebreeuse Wortel-beweging wat mense ook terugdwing na die Levitiese sisteem en 'n fisiese Israel toe)*.

As ons daarmee saamgaan impliseer dit basies dat *die Kruis en die Uitstorting van die Gees* net 'n **tydelike** "Plan B" was, totdat die ware fisiese ryk weer gevestig kan word om wêreldwyd te regeer, MAAR die hele boek van Hebreërs (spesifiek hoofstukke 9 – 10) is juis geskryf om te verduidelik dat die tempel, die fisiese offers en die ou priesterdom slegs *skaduwees* was van die ware dinge wat sou kom. JaHUsha se offer was *eenmalig en finaal* ('ephapax' in die Grieks).

Misleidende *dispensasionalisme* leer egter dat daar weer 'n fisiese tempel in Jerusalem gebou gaan word waar fisiese diere-offers tydens 'n duisendjarig vrederyk gebring sal word. Dit maak teologies GEEN sin nie. Hoekom sal JaHUaH Elohiem wil terugkeer na 'n *skaduwee* as die volmaakte en *ewige* bloed reeds as eenmalige offer gebring is, *eens en vir altyd*. Dit ondermyn letterlik die finaliteit van die Ewige Verbond in JaHUsha ons Messias.

Al sal die wêreld aan die einde baie donkerder en vyandiger word teenoor die "uitgesifte" ware Gelowiges in JaHUsha, stuur dit af op JaHUaH se onmiddellike ingryping en finale oorwinning met Messias JaHUsha se Wederkoms. Dit is bedoel om die gelowiges van Open. 20 (en ons) te vertroos dat, ongeag hoe magtig die vyand lyk, Elohiem is in Beheer.

Oorhoofs is die boek van Openbaring (en spesifiek ook Open. 20) se samevattende boodskap dan 'n kragtige profetiese afsluiting van die Nuwe Testamentiese tyd, want …

dit beloof dat alhoewel onreg in hierdie wêreld dalk lyk asof dit wen, JaHUsha se volgelinge vorentoe kan fokus en uitsien na die Wederkoms as die dag van *absolute* en *ewige* herstel.

Hy wat dit getuig, sê: Ja, Ek kom gou. Amen, ja kom, Meester JaHUsha! *(Rev 22:20)*

0-0-0-0-0

AndriYaH, Julie 2026